Plak asseblief die strepieskode-etiket hier

PUNTE-TOTAAL

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2024

AARDRYKSKUNDE: VRAESTEL I

EKSAMENNOMMER

Tyd: 3 uur 200 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 42 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
2. Lees die vrae noukeurig deur.
3. **AL DRIE AFDELINGS IS VERPLIGTEND.**
4. **Beantwoord AL die vrae op die vraestel en dien dit aan die einde van die eksamen in. Onthou om jou eksamennommer in die spasie wat op die vraestel voorsien is, te skryf.**
5. Krediet word gegee vir:
   - interpretasie
   - verduideliking
   - bewys van persoonlike waarnemings waar dit van toepassing is op die vraag.
6. Jy word aangemoedig om sketskaarte, diagramme en ander verklarende tekeninge te gebruik om jou antwoord, waar van toepassing, te ondersteun.
7. Let op die puntetoekenning.
8. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf en jou werk netjies aan te bied.
9. Twee blanko bladsye (bladsye 41 en 42) word aan die einde van die vraestel ingesluit. Indien jy te min spasie vir 'n vraag het, gebruik hierdie bladsye. Dui die vraagnommer van jou antwoord duidelik aan indien jy hierdie ekstra spasie gebruik.

Puntetoekenning

V1	V2	V3	V4	V5	V6	V7	Totaal

IEB Copyright © 2024


AFDELING A GEÏNTEGREERDE VRAAG: DIE GEOGRAFIE VAN KING CETWAYO DISTRIK

VRAAG 1 FISIESE GEOGRAFIE

1.1 Sinoptiese kaart en verwante weerstoestande

Bestudeer Figuur 1, 'n sinoptiese kaart (09/07/2024), voordat die volgende vrae beantwoord word.

Figuur 1



[Bron: <https://www.weathersa.co.za>]

1.1.1 Bestudeer Figuur 1 en bepaal of die volgende stellings WAAR of VALS is. Omkring die korrekte antwoord.

(a)	Die verlenging van die hoogdruk al met die geel lyn langs is 'n trog.	WAAR	VALS
(b)	Die stippellyn rondom die laagdruk by **A** beteken dat die laagdruk besig is om te verswak.	WAAR	VALS
(c)	**B** op die sinoptiese kaart is 'n warm front okklusie.	WAAR	VALS
(d)	Die weerstelsel by **C** veroorsaak die verspreide donderstorms en buie oor die oostelike dele van Suid-Afrika.	WAAR	VALS

(4)

1.1.2 (a) Verduidelik wat 'n *bergwind* is.

_____

_____

(1)

IEB Copyright © 2024

(b) Teken 'n pyltjie op **Figuur 1** om die rigting van die bergwinde oor Suid-Afrika op 09 Julie 2024 aan te dui. (1)

(c) Teken 'n dwarssnit om te verduidelik hoe bergwinde ontstaan.

(4)

1.1.3 Verwys na die weerstelsel wat **D** op Figuur 1 gemerk is.

(a) Noem die stadium van ontwikkeling van die weerstelsel.

(1)

(b) Gee EEN rede vir jou antwoord.

(1)

(c) Beskryf die weer wat by Marion-eiland op 9 Julie 2024 verwag kan word.

(2)

IEB Copyright © 2024

1.1.4 Teken 'n dwarssnit om die kondisies van die front by **B** te illustreer.

(4)

1.2 Stadsklimaat

Bestudeer die satellietbeeld hieronder wat twee plekke in Richardsbaai wys.

Figuur 2



[Bron: Google Earth]

(a) Gee die verwagte temperatuur by plek **E**.

Merk die korrekte antwoord.

	24,1 ºC
	21,6 ºC

(1)

IEB Copyright © 2024

(b) Gee EEN rede vir jou antwoord.

(1)

(c) Gebruik die lyn van Plek **E** na Plek **F** en teken 'n rowwe temperatuur lyngrafiek.




(3)

(d) Bespreek TWEE strategieë wat die munisipaliteit kan implimenteer om die effek van stedelike hitte-eilande te verminder.

(4)

1.3 Hidrografiek en Oorstromings

1.3.1 Verwys na die hidrografieke hieronder. Watter grafiek stel 'n stormgrafiek in 'n stedelike gebied voor? Omkring die korrekte byskrif op die grafiek.



[Eksaminator se bron]

(1)

1.3.2 Gee EEN rede vir jou antwoord.


_____

_____

(2)

1.3.3 Die beeld hieronder stel die hoogte bo seevlak van Richardsbaai voor.

Figuur 3



[Bron: Aangepas deur eksaminator]

IEB Copyright © 2024

(a) Die gemiddelde hoogte bo seevlak van Richardsbaai is … Merk die korrekte antwoord.

	10–20 m bo seevlak
	30–40 m bo seevlak
	70–80 m bo seevlak

(1)

(b) Verduidelik hoe die hoogte bo seevlak van Richardsbaai die vertragingstyd en vloedpiek op 'n hidrografiek van die Mhlatuzerivier, soos aangedui op die diagram, sal beïnvloed.


(4)

IEB Copyright © 2024

1.4 Fluviale Prosesse

1.4.1 Bestudeer die satellietbeeld van die Umfolozirivier hieronder.

Figuur 4: Umfolozirivier



[Bron: Google Earth image]

(a) Benoem die beeld deur die letter van die byskrif in te vul in die spasie daarvoor toegelaat op die beeld.

A = sytak
B = samevloeiing
C = vloedvlakte
D = uitgekalwe helling

(4)

(b) In watter rigting vloei die Umfolozirivier? Merk die korrekte antwoord.

	Noordwes
	Suidwes
	Suidoos
	Noordoos

(1)

IEB Copyright © 2024

1.4.2 Die beeld hieronder is **G** op Figuur 4.

Figuur 5



[Bron: Google Earth]

(a) Voltooi die tabel deur die korrekte antwoord te omkring om sodoende elke stelling WAAR te maak.

(i)	Die stroompatroon is …	**Natuurlike levee**	**Gevlegte stroom**	**Vloedvlakte**
(ii)	**H** is 'n area waar …plaasvind	**Erosie**	**Neerlating**	**Erosie en neerlating**
(iii)	Die kenmerk by **K** is 'n …	**Knakpunt**	**Levee**	**Terras**
(iv)	Vervoer van die riviervrag is deur …	**Suspensie en traksie**	**Suspensie en oplossing**	**Suspensie en saltasie**

(4)

(b) Teken 'n eenvoudige dwarssnit vanaf **I–J**.

(4)

(c) Verduidelik hoe verjonging die stroomkanaalpatroon in Figuur 5 sal beïnvloed.

(2)
[50]

IEB Copyright © 2024

VRAAG 2 MENSLIKE GEOGRAFIE

2.1 Landelike nedersetting

'n Foto van Somkhele dorpie op 'n rif aan die voetheuwels van Zululand.

Foto 1



[Bron: Google Image]

2.1.1 Gee die korrekte term om elk van die volgende aspekte van die nedersetting in Foto 1 te beskryf. Omkring die korrekte antwoord in elk van die blokkies hieronder.

Nedersettings-patroon	**Kompleksiteit van nedersetting**	**Tipe boerdery**
(a) Geïsoleerd	(a) Basiese dienste	(a) Bestaansboerdery met gewasse
(b) Rond	(b) Enkelfunksioneel	(b) Bestaansboerdery met vee
(c) Kern	(c) Komplekse infrastruktuur	(c) Kommersiële boerdery met gewasse
(d) Liniêr	(d) Multifunksioneel	(d) Kommersiële veeboerdery

Kies EEN standplaasfaktor vir hierdie dorpie
(a) Vervoernetwerk
(b) Hulpbronne
(c) Aspek
(d) Beskutting

(4)

IEB Copyright © 2024

2.1.2 (a) Sou jy hierdie nedersetting beskryf as 'n nat-punt of droë-punt nedersetting? Omkring die korrekte antwoord.

A DROË-PUNT NEDERSETTING
B NAT-PUNT NEDERSETTING (1)

(b) Gee 'n rede vir jou antwoord in Vraag 2.1.2 (a).

_____

_____


(1)

2.2 Stedelike strukture en patrone

Bestudeer die uittreksel uit die topografiese kaart van Richardsbaai en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Figuur 6

Uittreksel uit 2832CC RICHARDSBAAI Skaal: 1 : 50 000



[Bron: SAGTA MapDownloader]

2.2.1 Bestudeer die areas wat **L** en **M** benoem is.

(a) Identifiseer die straatpatrone van elke area.

L	
M	

(2)

IEB Copyright © 2024

(b) Bespreek EEN voordeel van elke straatpatroon.

L	
M	

(2)

2.2.2 In area **N** is daar swaar nywerhede.

(a) Lys TWEE eienskappe van 'n area met swaar nywerhede.

(2)

(b) Verduidelik waarom daar 'n oop stuk grond tussen areas **L** en **N** is.

(2)

IEB Copyright © 2024

2.2.3 (a) Bespreek waarom 'n effektiewe vervoerstelsel belangrik is vir nywerheidsontwikkeling.

(2)

(b) Evalueer maniere hoe die Richardsbaai munisipaliteit die vervoerstelsel kan opknap om nywerheidsontwikkeling te verbeter.

(4)

IEB Copyright © 2024

2.3 Landelike nedersettingskwessies

Lees die uittreksel oor die Tendelemyn in die noordelike deel van KwaZulu-Natal voordat die vrae beantwoord word.

Foto 2: Tendelemyn en sy nabyheid aan die dorpies in die omgewing



Uittreksel 1: In Suid-Afrika sê 'n gemeenskap nee, nadat 'n steenkoolmyneienaar sê daar voortgegaan moet word

Die Tendelemyn is in 2007 begin op grond wat in gemeenskaplike besit was van duisende inwoners van dorpies in die noordelik dele van KwaZulu-Natal langs die Hluhluwe-iMfolozi Wildsreservaat. Nadat plaaslike tradisionele leiers en die myn 'n ooreenkoms vir vergoeding aangegaan het, is meer as 220 families se huise platgeslaan en is hulle hervestig. Die oppervlakuitgrawings van die myn het die dorpies Emalahleni, Ophondweni en Mahujini ingesluk. Voor die myn se koms het mense florerende en groot blyplekke gehad en groot dele van die gemeenskaplike grond gebruik vir weiding en om vrugte te soek. "Daar was 'n paar uitdagings voor die myn begin het. Die kliniek was vêr van ons huise af, maar ons was gelukkig daarmee omdat ons grond en kos gehad het en ons kon bekostig om ons kinders skool toe te stuur," het een onderhoudgewer gesê.

In die laaste paar jaar is al die steenkool van die huidige myn so paar kilometers wes van Emalahleni uitgeput. Die aktiwiteite op die myn is teruggesny na slegs onderhoud deur 'n paar werkers en, volgens Tendele is net 23 van die 1 600 werknemers nie afgedank nie. Sonder uitbreidings sal Tendele geforseer word om al die mynaktiwiteite te staak.

[Bron: <https://news.mongabay.com/>]

(a) Lys TWEE positiewe bydrae wat die Tendelemyn tot die ekonomiese ontwikkeling in die gebied gemaak het.

(2)

(b) Wat sou die impak op die dorpie wees sou die myn sluit?

(2)


(c) Verduidelik waarom die hervestiging van die inwoners van die dorpie NIE geklassifiseer word as grondhervorming nie.

(2)

IEB Copyright © 2024

2.4 Ekonomiese Ontwikkeling en Ontginning van Steenkool

Voltooi die stelling deur die korrekte antwoord te omkring.

(a)		49% van Suid-Afrika se steenkool word ontgin deur … (i) Pilaarafboumetode (ii) Oopgroefmynbou (iii) Skagmynbou (iv) Ondergrondse mynbou
(b)		Die beste kwaliteit steenkool is … (i) veen (ii) bitumineuse steenkool (iii) antrasiet (iv) grafiet
(c)		Die produksie van farmaseutiese produkte van steenkool word gedefinieer as … (i) verbinde nywerheid (ii) waardetoegevoegde produk (iii) kwinêre sektor (iv) hoër-orde goedere
(d)		'n Faktor wat NIE die ontginning van steenkool in Suid-Afrika beperk nie, is … (i) Ondergrondse water (ii) Verouderde infrastruktuur (iii) Groot konsentrasies van steenkoolreserwes (iv) Stakings

(4)
[30]


VRAAG 3 UITGEBREIDE SKRYFWERK

FEITELÊER

- Die steenkoolbedryf het in 2022 werk aan 90 977 mense verskaf
- 231,2 miljoen ton is in 2022 geproduseer met totale steenkoolverkope van R252,3 miljard
- 70% van die steenkool word plaaslik verbruik en meer as 70% van die elektrisiteit wat verbruik word in Suid-Afrika word deur steenkool opgewek
- Suid-Afrika is die 7de grootste produsent van steenkool in die wêreld
- Richardsbaai-steenkoolterminaal (RBCT) is die primêre uitvoerhawe
- RBCT het 'n toegwyde vrag spoorlyn
- Richardsbaai-steenkoolterminaal is een van die wêreld se grootste steenkool uitvoerterminale en is die grootste in Afrika

[Bron : <https://www.mineralscouncil.org.za/sa-mining/coal>]

Figuur 7: Richardsbaai-steenkoolterminaal



Verwys na die hulpbronne oor die Richardsbaai-steenkoolterminaal voordat die vrae beantwoord word.

Die Richardsbaai-steenkoolterminaal is 'n integrale deel van die steenkoolbedryf in suidelike Afrika. Ondersoek die rol wat die terminal speel in die uitvoer van steenkool deur die volgende onderopskrifte te gebruik:

- Die belangrikheid van verbinde nywerhede in die ekonomiese ontwikkeling van Richardsbaai.
- Faktore wat die ligging van RBCT bevorder.
- Faktore wat die uitvoer van steenkool vanaf RBCT belemmer.
- Bespreek die impak wat meganisasie op die ontginning van steenkool sal hê.

IEB Copyright © 2024

Die rubriek van die IEB sal gebruik word om hierdie opstel te merk

KRITERIA	**PUNTE**
Skryfvaardighede • Neem struktuur en aanbieding in ag. • Gebruik 'n kort inleiding en slot. • Logiese bespreking en gebruik van onderopskrifte.	**4**
Inhoudskennis • Korrekte gebruik van geografiese terminologie en konsepte. • Hou by onderwerp en onderopskrifte (ten minste 3 punte/onderopskrifte)	**12**
Ondersteunende bewyse – analise en begrip • Die vermoë om die onderwerp te analiseer en evalueer word in hierdie kategorie geassesseer. • Verwysing na gevallestudiemateriaal / feitelêer / bronne materiaal wat verskaf is. • Indien toepaslik moet verwys na bekende / plaaslike / ander voorbeelde.	**4**

IEB Copyright © 2024

IEB Copyright © 2024

IEB Copyright © 2024

[20]

100 punte

IEB Copyright © 2024

AFDELING B KLIMAAT, WEER EN GEOMORFOLOGIE

VRAAG 4 Klimaat en Weer

4.1 Klimaatsterminologie

Gee 'n term vir die volgende definisies. Skryf slegs die korrekte term in die spasie daarvoor toegelaat.

	Definisie	Term
4.1.1	Die anti-kloksgewyse windrigting-verandering wanneer 'n middelbreedtesikloon verbybeweeg.	
4.1.2	Sone wat die koue poollugmassa (oostelike winde) en die warm tropiese lugmassa (westelike winde) van mekaar skei.	
4.1.3	Vorm wanneer daar 'n verlenging van 'n laagdruksel is.	
4.1.4	Warm luglaag halfpad teen 'n valleihelling op, met koue lug daaronder, veroorsaak deur 'n temperatuurinversie.	

(4)

4.2 Tropiese Sikloon

Lees die feitelêer hieronder en bestudeer die satellietbeeld van Tropiese Sikloon Cheneso (bladsy 24) geneem op Saterdag 28 Januarie 2023.


FEITELÊER

Tropiese Sikloon Cheneso veroorsaak dodelike oorstromings in Madagaskar

Die eilandnasie het 10 dae aaneen stortreën en skadelike winde van die sikloon verduur, wat twee landvalle gemaak het en meer as twee dosyn mense se lewens geëis het. Tropiese Sikloon Cheneso het op 19 Januarie 2023 sy eerste van twee landvalle in die noordooste van Madagaskar, naby die dorp Anthalaha, gemaak as 'n hewige tropiese storm met volgehoue winde van meer as 89 km/h. Die sikloon het toe die land oorgesteek en in die waters van die Mosambiekse Kanaal te voorskyn gekom. Op 28 Januarie 2023 is Cheneso na 'n Tropiese Sikloon opgegradeer met windspoed wat 145 km/h bereik het.

IEB Copyright © 2024

Figuur 8



Figuur 9

Tropiese Sikloon Cheneso

DATUM UTC+2	TYD	TIPE	WIND km/h	DRUK hPa
29 Jan	02:00	SS	110	976
28 Jan	23:00	SS	125	974
28 Jan	20:00	C	135	972
28 Jan	17:00	C	135	971
28 Jan	14:00	C	135	970
28 Jan	11:00	C	145	968
28 Jan	08:00	C	150	967
28 Jan	05:00	C	140	971
28 Jan	02:00	SS	130	976
27 Jan	23:00	SS	115	981
27 Jan	20:00	SS	100	987

SS	Ernstige Storm	S	Matige Tropiese Storm
C	Tropiese Sikloon	B	Tropiese Versteuring

Bron: <https://zoom.earth/>]

4.2.1 Verwys na Figuur 8 en Figuur 9. Dui die posisie van Tropiese Sikloon Cheneso aan op 28 Januarie 2023 om 11:00 en sluit ook die volgende in op die sinoptiese skets op die volgende bladsy:

(a) Oog (1)


(b) Lugdruk (1)

(c) Beweging van wind (1)

(d) Voorste kwadrant (1)

(e) Verwagte pad van Tropiese Sikloon Cheneso in die volgende paar dae (1)

IEB Copyright © 2024



4.2.2 Bespreek EEN rede vir die herklassifikasie van Tropiese Sikloon Cheneso as 'n tropiese storm tussen 19 Januarie en 27 Januarie 2023.

(2)

4.2.3 (a) Beskryf *stortreën.*

(1)

(b) Bespreek TWEE impakte wat Tropiese Sikloon Cheneso se stortreën op mense van Madagaskar sal hê.

(4)

4.3 Valleiklimate

Figuur 10 is 'n vallei in die Drakensberge.

Figuur 10



[Bron: <https://www.westend61.de/>]

4.3.1 Op Figuur 10 hierbo:

(a) benoem wind **O**.

(b) teken die bergbries in.

(c) dui aan of die wind by **O** gedurende die dag of nag waai. (3)

4.3.2 In die oggend sal die kampeerders 'n rypholte sien. Verduidelik die konsep rypholte deur die volgende tabel te voltooi:

Kalm/Onbewolkte nag	
Winter	
Beweging van lug in die vallei	

(6)
[25]


IEB Copyright © 2024

VRAAG 5 Geomorfologie

5.1 Fluviale terminologie

5.1.1 Bestudeer Figuur 11 hieronder en gee die byskrifte soos aangedui in die tabel wat volg.

Figuur 11



Punt	Byskrif	Punt	Byskrif
P		S	
Q			
R			

(5)

5.1.2 (a) Bereken die stroomorde vir **T**. Omkring die korrekte antwoord.

EEN **TWEE** **DRIE** **VIER** (1)

(b) Verduidelik die verband tussen stroomorde en die grootte van die dreineerbekken.

_____

_____

_____

_____

(2)

IEB Copyright © 2024


(c) Die Vaalrivier is 'n geërfde rivier. Verduidelik wat hierdie stelling beteken.

(2)

5.2 Opvangsgebied en rivierbestuur

Bestudeer Figuur 12, 'n rivierstelsel in die Wes-Kaap, en die feitelêer oor die reënval van die Wes-Kaap.

Figuur 12



Verwys na Figuur 12 om die volgende vrae te beantwoord.

(a) In watter rigting vloei die rivier? Merk die korrekte antwoord.

	Suidwes
	Noordwes
	Noordoos
	Suidoos

(1)

IEB Copyright © 2024

(b) Identifiseer die dreineerpatroon. Merk die korrekte antwoord.

	Radiaal
	Tralie
	Dendrities
	Reghoekig

(1)

(c) Die dreineerdigtheid is … Merk die korrekte antwoord

	Hoë digtheid
	Lae digtheid
	Baie hoë digtheid
	Medium digtheid

(1)

(d) Bespreek TWEE faktore, op die diagram sigbaar, wat die spoed van infiltrasie gedurende die oorstromings in die Wes-Kaap beïnvloed het.

(4)

(e) Identifiseer die TWEE vloedbestuurstelsels wat in Figuur 12 sigbaar is.

(2)

IEB Copyright © 2024

(f) Verduidelik hoe EEN van die metodes wat jy genoem het in Vraag 5.2.1 (e) oorstroming in die vallei sal verminder.

(2)

(g) Verduidelik hoe die volgende GeoRuimtelike tegnieke/prosesse gebruik kan word om die invloed van oorstromings op die gemeenskappe in hierdie gebied te verminder.

- afstandswaarneming

(2)

- bufferskepping

(2)
[25]

50 punte

IEB Copyright © 2024

AFDELING C LANDELIKE EN STEDELIKE NEDERSETTING EN EKONOMIESE GEOGRAFIE VAN SUID-AFRIKA

VRAAG 6 Landelike en Stedelike nedersetting

6.1 Landelike Nedersetting

Bestudeer die foto hieronder en kies die term/e in vetdruk wat die stellings WAAR sal maak. Omkring die korrekte antwoord.

Foto 3



[Bron: Google image]

(a) Die nedersetting in Foto 3 sal geklassifiseer word as 'n (**dorpie / bestaansboerdery / geïsoleerde plaasopstal**).

(1)

(b) Die nedersetting het 'n (**kern / verspreide / liniêre**) nedersettings-patroon.

(1)

(c) Die kenmerk wat **Z** genommer is, is 'n (**plaasdam / silo / sonpaneel**).

(1)

(d) Die ekonomiese aktiwiteit in hierdie nedersetting is grotendeels (**grootskaalse kommersiële / bestaans- / kleinskaalse kommersiële**) boerdery.


(1)

IEB Copyright © 2024

6.2 Landelike Nedersettingskwessies

Die kolomgrafiek hieronder wys die aantal boerdery-huishoudings per provinsie en vergelyk 2011 en 2022.

Figuur 13



	Wes-Kaap	Oos-Kaap	Noord-Kaap	Vrystaat	KwaZulu-Natal	Noordwes	Gauteng	Mpumalanga	Limpopo
2011	2,9	20,7	1,9	7	24,9	7,4	9,7	9,1	16,3
2022	2,2	19,6	1,4	5,5	22,3	6,8	10,7	10,4	21,1

[Bron: <https://www.statssa.gov.za/>]

6.2.1 Watter provinsie het die grootste afname in boerdery-huishoudings getoon?

_____

(1)

6.2.2 Gee EEN rede vir die afname in boerdery-huishoudings in meeste provinsies in Suid-Afrika.

_____

_____

(1)

6.2.3 Analiseer hoe die afname in landbouproduksie 'n impak op Suid-Afrika se voedselsekerheid sal hê.

_____

_____

_____

_____

(2)

IEB Copyright © 2024

6.3 Stedelike hernuwing


Lees die inligting oor die Ou Oostelike Distrik (Old East Precint) in Pretoria hieronder.



Die Ou Oostelike Distrik (Old East Precinct) bestaan uit The Village, The Club kleinhandelsentrum, Die Klubhuis en Club One kantoorgeboue, The Club mediese sentrum, Die Advokatekamers en die nuut-ontwikkelde Village Walk. Die twee kleinhandel afsetpunte is The Village – 'n hub van kieskeurige kos, drank en ontspanning in 16de Straat en The Club, wat tussen Hazelwood- en Delystraat geleë is. Die Ou Oostelike Distrik (Old East Precinct) bied 'n stedelike kleinhandelservaring soos min met aantreklike buitelug voetgangerpaaie, lokkende unieke winkels en restaurante wat die gemeenskap in staat stel om die karaktervolle stedelike omgewing in Hazelwood te ervaar.

[Bron: <https://www.oldeastprecinct.co.za/>]

Figuur 14: Google kaart van die Ou Oostelike Distrik (Old East Precinct)



[Bron: Google Maps image]

6.3.1 Definieer die term *distrik*.

_____

_____ (1)

6.3.2 (a) Identifiseer die grondgebruiksone waarin die Ou Oostelike Distrik (Old East Precinct) geleë is. Merk die korrekte antwoord.

	SSK
	Oorgangsone
	Residensiële
	Landelike-stedelike randgebied

(1)

(b) Gee EEN bewysstuk om jou antwoord te ondersteun.

(2)

6.3.3 Verwys na Figuur 14. Vind die plekke genoem in die tabel. Bepaal watter GIS kaarttegniek gebruik was om hierdie kenmerke op die kaart in te vul. Omkring die korrekte antwoord.

Ligging				
(a)	Gholfbaan	**Lyn**	**Punt**	**Veelhoek**
(b)	Hazelwoodstraat	**Lyn**	**Punt**	**Veelhoek**
(c)	Culture Club	**Lyn**	**Punt**	**Veelhoek**

(3)

6.3.4 (a) Verduidelik hoe die distrik deur die proses van *funksionele magnetisme* ontwikkel het.

(4)

IEB Copyright © 2024

(b) Voorspel die invloed wat die ontwikkeling van die distrik op die gemeenskap se ekonomiese beeld sal hê

(2)

6.3.5 Een keer per maand is daar 'n "pop-up" straatmark in die Ou Oostelike Distrik (Old East Precinct).

Figuur 15



[Bron: Google Maps image]

(a) Verduidelik waarom die kosstalletjies by die Streetside Mark as informele handel geklassifiseer word.

(2)

(b) Lys EEN voordeel en EEN nadeel van informele handelaars.

Voordeel	
Nadeel	

(2)
[25]

VRAAG 7 Ekonomie van Suid-Afrika

7.1 Ekonomiese Terminologie

Pas die term in Kolom B by die beskrywing in Kolom A. Skryf jou antwoord in die spasie in die tabel hieronder.

Kolom A		**Kolom B**	
7.1.1	Die restorasie van grond en omgewings-waardes by 'n oppervlakmyn nadat al die steenkool ontgin is.	A.	Produkte-ketting
7.1.2	Die ruil van goedere en dienste vir geld.	B.	Agglomerasie
7.1.3	Inter-organisatoriese netwerke wat rondom een kommoditeit of produk gesentreer is en wat huishoudings, ondernemings en state met mekaar in die wêreld se ekonomie verbind.	C.	Skommeling
7.1.4	Wanneer prysvlakke en/of rentekoerse voortdurend verander in vlakke en persentasie.	D.	Handel
7.1.5	'n Proses wat die groepering of konsentrasie van mense en/of aktiwiteite behels.	E.	Spesiale Ekonomiese Sone
		F.	Herwinning
		G.	Kwaternêre

7.1.1	7.1.2	7.1.3	7.1.4	7.1.5


(5)

IEB Copyright © 2024

7.2 Produksie van kanola in Suid-Afrika

Bestudeer die infografiek van SOILL (Southern Oil Pty Ltd) en die produksie van kanola in Suid-Afrika en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.

Figuur 16



[Bron: Aangepas deur Eksaminator]

7.2.1 Lys TWEE gebruike van kanola.

_____

_____

(2)

7.2.2 Lys TWEE faktore wat die produksie van kanola in die Swellendam omgewing bevorder.

_____

_____

_____

_____

(2)

7.2.3 Waarom was daar 'n afname in die produksie van kanola in die Wes-Kaap tussen 2015 en 2018?

_____

(1)

IEB Copyright © 2024

7.2.4 Verduidelik hoe die produksie van kanola in Swellendam sosiale geregtigheid in die boerdery-gemeenskap verbeter.

_____

_____

_____

_____

(2)

7.3 Sekondêre en tersiêre sektore

Lees die feitelêer oor die Atlantis Spesiale Ekonomiese Sone in die Wes-Kaap hieronder.


Feitelêer

ATLANTIS SPESIALE EKONOMIESE SONE

- Atlantis Vernuwing Raamwerk deur al drie regeringsvlakke het Atlantis as 'n Groen-tegnologie hub geprioritiseer.
- Stad Kaapstad het 'n reeks aansporings wat firmas lok om in Atlantis te belê.
- Atlantis is in 'n sterk vervoerkorridor met maklike toegang tot twee hawens geleë.
- Lae operasionele kostes in Atlantis, veral vir vervaardigende besighede.
- Multinasionale beleggers in Kaapstad (insl. Atlantic) het verslag gelewer van suksesvolle verbintenisse met die res van Afrika.

[Bron: <https://atlantissez.com/>]

Figuur 17



[Bron: <https://atlantissez.com/>]

IEB Copyright © 2024

7.3.1 Definieer *Spesiale Ekonomiese Sone.*

(1)

7.3.2 (a) Verduidelik die betekenis van *Groen-tegnologie Hub.*

(1)

(b) Gee EEN voorbeeld van groen-energie wat gevind kan word in die Wes-Kaap.

(1)

7.3.3 Lys TWEE nywerhede wat in die Wes-Kaap geleë is.

(2)

7.3.4 Bespreek hoe toegang tot *goeie vervoerkorridors* buitelandse belegging in die uitbreiding van die Atlantis SES sal bevorder.

(4)

IEB Copyright © 2024

7.3.5 Bespreek TWEE faktore wat ekonomiese ontwikkeling in die Wes-Kaap sal belemmer.

(4)
[25]

50 punte

Totaal: 200 punte

IEB Copyright © 2024

ADDISIONELE SPASIE (ALLE VRAE)

ONTHOU OM DUIDELIK BY DIE VRAAG AAN TE DUI DAT JY DIE ADDISIONELE SPASIE GEBRUIK HET OM TE VERSEKER ALLE ANTWOORDE WORD NAGESIEN.

IEB Copyright © 2024

IEB Copyright © 2024